HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ALGEMENE INLIGTING AANGAANDE STUDIELENINGS

LET WEL: HIERDIE DOKUMENT VORM DEEL VAN DIE AMPTELIKE DOKUMENTASIE T.O.V. DIE AANSOEK OM EN TOEKENNING VAN DIE HELPMEKAAR STUDIEFONDS (HSF) LENINGS EN MOET AS SODANIG BESKOU WORD

Die lening word aan die student toegestaan. Die student is dus die leninghouer en is verantwoordelik om getrou die lening, volgens die ooreenkoms, terug te betaal.

1. Lenings is slegs beskikbaar aan studente wat:

   1.1 voltyds by ‘n instansie studeer wat by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO/SAQA) of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO/DHET) geakkrediteer is;

   1.2 deur afstandsonderrig studeer, op voorwaarde dat die kursus in dieselfde tydperk voltooi moet word as die betrokke voltydse kursus; en

   1.3 aan die keuringsvereistes van die direksie voldoen, o.a. akademiese prestasie.

Die toekenning van lenings is onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse binne die Studiefonds; daarom word aansoekers aangemoedig om so spoedig moontlik hul aansoek te voltooi ná die aansoeke elke jaar open.

Let wel: Studente uit gesinne met ‘n bruto jaarlikse inkomste van minder as R350 000, word normaalweg nie vir ‘n studielening by die HSF oorweeg nie. Hierdie studente kwalifiseer vir ‘n NSFAS-beurs, indien hulle by een van die publieke universiteite of TVET-kolleges gaan studeer. (besoek www.nsfas.org.za)

2. Lenings moet primêr aangewend word vir **klasgeld en enige restant mag gebruik word vir studiemateriaal, verblyf en lewenskoste**. Aansoekers moet dus deeglik uit eie bronne vir ekstra uitgawes begroot.

3. Die meeste finansiële instansies ken studielenings jaarliks toe. By die HSF word lenings egter toegeken vir die **volle studietermyn** (die normale duur van die kursus). Elke student en ouer het dus die gemoedsrus dat befondsing in plek is vir die volle studietermyn, mits die student suksesvol studeer.

   3.1 In 2025 is die maksimum leningsbedrae per jaar:

   - MBCHB……..R120 000
   - Graadkursusse.....R95 000
   - Diploma-/Sertifikaatkursusse R75 000
   - Voltydse Afstandsonderrig (bv. UNISA) R60 000

   3.2 Aansoeke om lenings vir ‘n eerste kwalifikasie geniet voorkeur.

   3.3 Nagraadse studie in spesifieke beroepsgerigte kursusse, bv. HonsBRek, LLB, HonsBPsig, ens. vorm deel van die kursus en lenings word vir die volle studietermyn (vier jaar) voorsien. Na die student hulle voorgraadse kursus voltooi het, kan die student vir ‘n addisionele lening vir nagraadse studie in ander kursusse aansoek doen.

   Die sluitingsdatum vir addisionele lenings is 30 November.

4. **Betaling van fondse**

4.1 Klasgeld word direk aan die instansie waar die student studeer, betaal.

4.2 Geen betalings ten opsigte van klasgeld word aan die borg of student gemaak nie, tensy die borg die rekening self betaal en die bewys van betaling aanlyn opgelaai het.

4.3 Studente wat uit hul ouerhuis studeer kan ‘n maksimum bedrag van R35 000 vir lewenskoste eis.

4.4 Slegs indien die klasgeld ten volle betaal en daar nog fondse beskikbaar is, sal die balans aan die student beskikbaar gestel word vir privaat losies, boeke of lewenskoste.

4.5 Alle opvragings moet deur die aanlynportaal gedoen word.

4.6 ’n Maksimum van 4 opvragings per jaar word toegelaat.

5. **Verantwoordelikhede van die student (lener)**

Daar word van elke student vereis om:

5.1 ‘n bewys van registrasie op hul aanlynprofiel te laai sodra dit beskikbaar is;

5.2 tydens studiejare aan die einde van elke semester sy/haar amptelike uitslae/studieverslag op die aanlynportaal te laai, ongeag of verdere fondse onttrek (gaan) word;

5.3 die instansie waar hy/sy studeer se nuutste rekeningstaat saam met elke opvraging op die aanlynportaal te laai.

Indien ‘n student, sonder ‘n aanneemlike rede, nie sy/haar eksamen slaag nie, of nie die voorwaardes van die lening nakom nie, kan sy/haar lening herroep word en moet die skuld terugbetaal word op ’n wyse soos deur die HSF bepaal.

6. **Renteberekening tydens studie**

6.1 Die rentekoers op lenings tydens studiejare, is gelykstaande aan die banke se prima-koers minus 1%. Die HSF pas die rentekoers op lenings aan wanneer die prima-koers verander.

6.2 Terwyl die student studeer, moet die rente en assuransie op die uitstaande balans maandeliks per debietorder betaal word. Indien die betaling van die rente-paaiement op enige stadium agterstallig raak, sal geen uitbetalings gemaak word nie.

7. **Renteberekening en terugbetaling ná studie**

7.1 Die terugbetalingspaaiement word teen die prima rentekoers van die banke bereken. Die HSF pas die rentekoers op lenings aan wanneer die prima-koers verander.

7.2 Die lening (kapitaal, rente en groepsversekering/assuransie) word soos volg terugbetaal met gelyke paaiemente, versprei oor die volgende terugbetalingstermyne:

- **1 – 5-jaarkursusse:** 2 x die studietermyn.
- **6-jaarkursusse:** ‘n maksimum terugbetalingstermyn van 10 jaar.

8. **Sekuriteit**

In terme van nasionale regulasies met betrekking tot kredietverlening, moet alle lenings deur geskikte sekuriteit ondersteun word.

8.1 **Kredietwaardige borg (verpligtend)**

‘n Borg is iemand (normaalweg ‘n ouer of familielid) wat onderneem om mede-verantwoordelikheid vir die voornemende student se skuld (lening) te aanvaar. Die HSF doen ‘n kredietnavraag op elke borg ten einde hulle kredietwaardigheid te bevestig. Die student en die borg teken die leningskontrak. Die borg aanvaar dus die volle verantwoordelikheid vir die uitstaande skuld in gevalle waar die student nie sy/haar verpligting nakom om die studielening terug te betaal nie.

8.2 **Sekuriteit opsies**

Met sekuriteit word bedoel iets van waarde wat die HSF in kontant kan omskep indien die student sy/haar onderneming om die lening terug te betaal, nie nakom nie.

8.2.1 **Sessie op polisse / beleggings / aandele / effektetrusts**

Hierdie opsie het geen koste-implikasies nie. Bewyse van die afkoop- of kontantwaarde van polisse **(nie die fondswaarde nie)** en/of die waardes van die beleggings, aandele of effektetrusts móét tydens die aansoek op die aanlynportaal gelaai word.

LET WEL: DIE VOLGENDE WORD **NIE** AS SEKURITEIT AANVAAR **NIE:**

- Uittree-annuïteite;
- Beleggings in pensioen- en voorsorgfondse;

- Lewenspolisse sonder kontantwaarde en vasgestelde uitkeerdatum.

8.2.2 **'n Tweede borg**

Indien die eerste borg (gewoonlik 'n ouer) nie voldoende sekuriteit kan verskaf nie, kan daar van 'n tweede borg (bv. 'n familielid/vriend) gebruik gemaak word. Die tweede borg kan nie die gade van die eerste borg wees nie. Die eerste sowel as die tweede borg, sal versoek word om inligting te verskaf op die aanlynportaal.

8.2.3 **Die registrasie van 'n borgverband op eiendom**

Indien bostaande opsies nie beskikbaar is nie en die borg wel oor eiendom beskik, is dit 'n moontlikheid, maar een waaraan koste verbonde is. Vir die registrasie van die borgverband kan u van die HSF se voorgestelde of u eie prokureur gebruik maak. **Die koste van die registrasie sowel as die uiteindelike kansellasie van die borgverband is vir die rekening van die borg.** Die HSF verwag nie dat die volle leningsbedrag as borgverband aangebied word nie. 'n Borgverband van R100 000 word op die eiendom geregistreer as sekuriteit.

'n **Borgverband** is nie die registrasie van 'n tweede verband nie. Dit is 'n dokument wat in die Aktekantoor geregistreer word, waarin aangeteken word dat die eiendom nie verkoop kan word sonder die toestemming van die HSF nie.

Dit is dus 'n amptelike kontrak waar 'n bedrag as **waarborg geregistreer** word.

8.2.4 **Trust**

'n Trust (bv. 'n familie-trust) kan as sekuriteit aangebied word indien die Trust genoeg bates het.

9. **Lewensversekering**

Alle lenings word deur 'n groeplewensversekeringskema wat deur Sanlam onderskryf word, gedek, tensy die student verkies om 'n alternatiewe reëling met die HSF te tref. Tydens studie beloop die premie van die dekking 17 sent per R1 000 én na afloop van die studies, 55 sent per R1 000 van die uitstaande balans (**neem kennis dat die premie kan verhoog**). Die student se rekening word maandeliks met die bedrag van die premie gedebiteer.

Die uitstaande balans van die lening en gevolglik ook die borgverpligting word gedek in geval van dood/tydelike arbeidsongeskiktheid/permanente arbeidsongeskiktheid van die

student/leninghouer. Wanneer die leningskuld afgelos is, verval die versekering outomaties.

10. **Vereiste dokumente vir aansoek:**

    10.1 ID van student/lener

    10.2 Student se nuutste akademiese uitslae

    10.3 ID van borg en gade (eggenoot en of lewensmaat)

    10.4 ITA34 van die **betrokke belastingjaar** van die borg en die gade (eggenoot of lewensmaat)

NB: Moet asseblief nie dokumente met ’n wagwoord of wat groter as 10MB is, oplaai nie.

Maak seker dat die dokumente wat u oplaai reg benoem is - dit sal voorkom dat die dokumente op verkeerde plekke opgelaai word.

11. **Vir meer inligting, kontak asseblief die kantoor:**

    Telefoon: 021 930 8155

    E-pos: info@helpmekaarfonds.org

Die Helpmekaar Studiefonds se fondse is oor die jare met groot toewyding opgebou. Daar is geen aandeelhouers of persone met private belange nie. Die enigste mense wat voordeel trek uit die Fonds, is studente en van hulle word verwag om hulle verpligtinge getrou na te kom sodat diegene wat ná hulle kom, ook uit hierdie bron gehelp kan word.